SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 4 APRIL 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Ontvangsrapporte oor die eksperimentele herleiding op 10,130 MHz sal waardeer word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

In die nuus vandag:

REDE VAN DIE PRESIDENT VAN DIE SARL TYDENS DIE SARL SE 2004 AJV

BESLUITE GENEEM TYDENS DIE AJV

REDE VAN DIE GASSPREKER TYDENS DIE JAARLIKSE DINEE

SARL-TOEKENNINGS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL en die nuus volg in besonderhede:

REDE VAN DIE PRESIDENT VAN DIE SARL TYDENS DIE SARL-AJV

Terugskouend op hierdie dienstermyn kan ek nie help om dit te sien as 'n uitdagende en turbulente jaar nie, maar terselfdertyd was dit 'n jaar wat die Suid-Afrikaanse Radioliga en weliswaar Amateurradio op 'n vaste basis vir die toekoms geplaas het nie.

Finansieëlgewys het ons baie bereik. Ons het telekonferensiefasiliteite vir vergaderings gebruik, ons het reisuitgawes streng beperk en lidmaatskapwerwing begin. Ons is gelukkig om te rapporteer dat ons nou in 'n stabiele finansiële toestand verkeer. Ons sal hierdie jaar met 'n positiewe bankbalans eindig en ons sal ook die Loewenstein en Tinus Lange trustfondse herstel het.

Ons waardeer die ondersteuning van lede in die bereiking van hierdie doelwitte en erken dat dit met opofferings gepaard gegaan het. Radio ZS was miskien

die hoofitem wat opgeoffer is. Ons is bly om aan te kondig dat weens onlangse ontwikkelings en die vrygewigheid van Quarto Press ons vier gedrukte uitgawes van Radio ZS hierdie jaar sal kan uitgee. Hiervoor kan ons onsself gelukwens en dankie sê vir die begrip en welwillendheid wat dit moontlik gemaak het om te gebeur.

Lidmaatskapgroei was aan die begin stadig maar het gegroei tot byna die begrote mikpunt van 1150.

Dit was ook vir ons moontlik om weer by die Internasionale Amateurradiounie aan te sluit danksy die Suid-Afrikaanse Amateurradio Ontwikkelingstrust wat die fondsinsamelingsinisiatiet van stapel gestuur het en die fonds met 'n skenking van R5000 begin het.

Aan die reguleringsfront het die SARL groot vordering met die owerhede gemaak ten einde die modernisering van amateurradio terug op die spoor te plaas. Die regulasies is nou vir publieke kommentaar gepubliseer en ek is optimisties dat nuwe en uitgebriede lisensievoorwaardes binnekort 'n realiteit sal wees.

Dit was selfs vir ons moontlik om 'n mening op Summit TV oor die kwessie van KLK te lug.

Ons het ons kommunikasie met klubs en lede merkwaardig verbeter deur middel van pakketradio en 20 e-posse wat uitgestuur is. Die instelling van die OKOSA-blad op die webwerf het dit vir ons moontlik gemaak om lede op datum te hou met vordering met die owerhede. Met dat ek dit sê glo ek dat dit een van die gebiede is waarin ons verder kan verbeter.

Ons het groot vordering gemaak met opleiding. Ons is besig om die RAE-kursus op te gradeer en ons kyk weer na die vrae en die metode van eksaminering.

Daar is egter 'n aansienlike hoeveelheid werk wat nog gedoen moet word in die gebied van ons bedryf, ons verteenwoordiging en deelname aan tegniese forums, ons vermoë om vinnig op lede se e-posse en fakse te reageer en algemene administratiewe aktiwiteite. Noudat ons stabiliteit bereik het, kan ons hierdie aangeleenthede aanspreek.

Vir die SARL om amateurradio ten volle te dien benodig ons 'n sterk verteenwoordigende lidmaatskapbasis. Ons kan dit alleen bereik met die ondersteuning van alle radioamateurs in Suid-Afrika. Ons het goeie vordering gemaak maar benodig net daardie ekstra ondersteuning. Indien u nognie by die geledere aangesluit het nie, doen dit nou.

Ek maak graag van hierdie geleentheid gebruik om die Raad, kantoorpersoneel en alle lede wat ons gedurende die jaar ondersteun het, te bedank. Sonder u deelname en ondersteuning sou geeneen van hierdie moontlik gewees het nie; baie dankie!

Ons sien uit na 'n dinamiese jaar voor ons met 'n beter vlak van dienslewering aan julle, ons lede.

Graham Hartlett ZS6GJH.

BESLUITE GENEEM TYDENS DIE AJV

As gevolg van die feit dat lede nie die AJV-dokumente deur die pos ontvang het, het die vergardering die status van hierdie algemene jaar vergadering bespreek. 56 lede is teenwoordig, en nog 197 volmagte is deur lede gehou. Die vergadering het dus net onder 25% van alle lede verteenwoordig. Al die teenwoordige lede het die dokumente deur e-pos onvang, en lede het rapporteer dat klubs ook die dokumente onder hulle lede versprei het.

Die vergadering het besluit dat die AJV moet voortgaan, en dat die nuwe Raad moet onderhandel met enigiemand wat hiermee beswaar het. As dit nodig geag word moet die Raad die vergadering met alle lede bekragtig.

Die ledebydrae vir 2004-2005 is soos volg aangeneem:

Gewone lid R 290 pj Senior lid R 230 pj Familie lid R 100 pj Klub affiliasie R 290 pj Buite RSA R 350 pj

Ledegelde sal vier degrukte uitgawes van Radio ZS insluit, asook lidmaatskap van die QSL_buro. Die nuwe ledegelde sal dus nie opsioneel komponente behels. Om die koste van die QSL-buro te verminder, moet alle lede selfgeaddresseerde koeverte verskaf vir inlomende QSL-kaarte. Uitgaande kaarte sal tot 1000 kaarte per jaar beperk word soos besaatnde praktyk.

Die formule mosies is soos volg ooreensgestem:

Mosie 1: Onttrek

Mosie 2: Aanvaar

Mosie 3: Deel 1: Ontrek Deel 2: Ontrek Deel 3: Ontrek

Met verwysing na hierdie laaste punt, het die vergadering die Raad versoek om die Konstitusie en Reêls van die SARL, en om voorstelle te maak wat die internet en e-pos in rekeing neem en ook na moontlikhede te kyk om formele prosedure in die toekoms meer vaartbelyn te maak.

Bespreekingspunt 1: Ontrek

Bespreekingspunt 2: Ontrek na verduideliking

NOMINASIES VIR DIE RAAD

Bill Norval ZS5KD het sy nominasie vir die Raad teruggestrek. Omdat die aantal nominasies minder is as die beskikbare posisies op die Raad, is die volgene lede dus verkies tot die Raad vir 2004 - 2005.

Andrew Roos - ZS1AN Barry Murrell - ZR2DX Dave Perry - ZS1SG Dennis Green - ZS4BS Derek Gravett - ZS5Y (voorheen ZS6DDG) Graham Hartlett - ZS6GJH Henry Chamberlain - ZS1AAZ John Fielding - ZS5JF John Watson - ZS6ABJ Kobus Conradie - ZR6D Matt Greyvensteyn - ZS1MJJ Olivier van Staden - ZS1OLI Rassie Erasmus - ZS1YT Richard Seddon - ZS2CLI

VERKIESING VAN PRESIDENT EN VISE-PRESIDENT

Tydens die eerste raadsvergadering gehou net na die AJV is die volgende ampsdraers verkies:

President - Graham Hartlett ZS6GJH Vise-President - Rassie Erasmus ZS1YT Sekretaris - Henry Chamberlain ZS1AAZ Die posisie van tesourier is nie ontmiddelik gevul nie.

REDE VAN DIE GASSPREKER TYDENS DIE JAARLIKSE DINEE

Die gasspreker tydens vanjaar se dinee was Mnr Wojtek Skowronski, die Algemene Bestuurder, Ingenieurstegnologie van OKOSA.

Mnr Skowronski het oor Kraglynkommunikasie in Afrika gepraat. Hy het die agtergrond van die ontwikkeling van KLK toegelig; die regulatoriese perspektief op KLK-tegnologie; die potensiaal vir steurings; van die voor- en nadele; en hy het die voorsiening van kommunikasiedienste deur munisipaliteite aan belastingbetalers deur middel van sellulêre en ander tegnologieë ondersoek en ge-eindig met toekomstige scenarios en ontwikkeling van KLK.

Toe hierdie bulletin opgestel is was Sarlnuus nog nie in besit van die teks van Mnr Skowronski se rede nie, maar ons vertrou dat ons in 'n volgende bulletin meer van die inhoud van sy rede sal kan weergee.

SARL TOEKENNINGS

'n Lys volg van toekennings volg wat gisteraand tydens die SARL se Dinee oorhandig is. Baie geluk aan die ontvangers daarvan, mag julle prestasies as aansporing aan andere dien om ook hul beste te lewer.

Jack Twine Toekenning. Om erkenning te verleen aan die eienskappe wat wenslik is in 'n radioamateur:

Francois Botha, ZS6BUU.

Bedryfstoekennings.

Barney Joel Trofee aan die Pretoria Amateur Radioklub en die Bloemfontein Radio Amateurklub.

Icom Uitnemendheidstoekenning aan Barry Fletcher, ZS1FJ.

RADIO ZS Toekennings.

J J Pienaar Trofee aan Andrew Roos, ZS1AN, vir sy artikel getiteld "Why we should retain a Morse Code requirement for the unrestricted amateur license" in die Julie-September uitgawe van Radio ZS.

Radio ZS Skild vir die beste ondersteuning van Radio ZS aan Mike Bosch, ZS2FM, en Eddie Leighton, ZS6BNE.

Gary Immelman Radio Amateur Erfenis wisseltrofee aan Mike Bosch, ZS2FM, vir sy artikel “The Digital Era” in die Oktober-Desember uitgawe van Radio ZS.

Tegniese Toekennings.

Arland Ussher Goue Pen Toekenning vir die kandidaat met die hoogste puntetelling in die RAE aan E.F.Fynn, ZR5EF, van Durban.

Tinus Lange 7066 Tegniese Toekenning, ’n geraamde sertifikaat en ’n tjek van R350 aan Andrew Roos ZS1AN vir sy sagtewareprojek vir antennaontwerp.

Trofeë en sertifikate is ook oorhandig aan die wennende indiwidue en klubs sowel as hulle wat die 2de en 3de plekke beklee in die verskeie kompetisies wat gedurende die jaar plaasgevind het. Hulle is:

Olivier van Staden, ZS1OLI; Andre Mulder, ZS2AJ; Donovan van Loggerenberg, ZS2DL; Al Akers, ZS2U; Jan Botha, ZS4JAN, (2); Nico Skoonwinkel, ZS4NS; Bernie van der Walt, ZS4TX, (4); Ronald Richmond, ZS5ABD; Louis de Bruin, ZS5LP; Gawie Hoon, ZS5R; Peter Smith; ZS5SK; Willie Axford, ZS5WI; Richard Ussher, ZR6RDU; Francois Botha, ZS6BUU; Michael Roodt, 7P8BHF (ZS6BHF); Derek Gravett, ZS6DDG; Rudi Venter, ZS6DX; Emil Bohme, ZS6EGB; Paul Gosselin, ZS6GBJ; Bert Howes ;ZS6HS; Kevin Kloke, ZS6KEV; Frikkie Steyn, ZS6MF; Pieter Jacobs, ZS6XT (2); Hal Lund, ZS6WB; Cape Town Amateurradiosentrum, ZS1CT; Zululand ARK, ZS5ZLB; Magalies RAK, ZS6MRK; Pretoria Amateur Radioklub, ZS6PTA (2); Sandton ARK, ZS6STN (2).

SLUITINGSDATUM VIR RAE-INSKRYWINGS

Inskrywings vir die Radioamateureksamen in Mei sluit Vrydag 16 April. Alle eksamenkandidate moet teen daardie tyd hul voltooide aansoekvorms ingehandig het en die eksamenfooi van R450-00 aan die SARL betaal het. Inskrywingsvorms is beskikbaar op die SARL-webblad by www.sarl.org.za.

Enige klubs wat vir die Mei-eksamen as eksamensentra wil registreer moet dit ook voor 16 April doen. Let asseblief daarop dat GEEN laatregistrasies aanvaar kan word nie.

DATUMS OM TE ONTHOU

Sondag 11 April die SARL HAMNET 40-meter gesimuleerde noodkompetisie van 14:00 tot 16:00 SAT. 16 April, sluitingsdatum vir RAE-inskrywings.

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. ’n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Dennis, ZS4BS, en gelees deur ……. vanuit …… as ’n diens aan radioamateurs,

kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX